

Donderdag 24 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 26:1-23

Fokusverse: Handeling 26:19, 22-23

Instrument in die hand van die Here – in persoonlike omstandighede

Paulus is instrument in die hand van die Here. Die Here werk deur sy Gees hier in Paulus. Voor die “belangrike” mense, voor Festus en Agrippa, word die evangelie verkondig! Breedvoerig verduidelik Paulus sy eie omstandighede, hoe die Here hom tot geloof gebring het en waartoe hy geroep is. Hy was ’n vervolger van die kerk (lees vs 10, 11). Hy vertel daarna wat met hom in Damaskus gebeur het, dit wat die Here gedoen het (vs 12-18).

Hoekom vertel Paulus van sy eie lewe in hierdie kritieke saak oor die evangelie? Die genade van die Here is so groot dat Hy sy kerk vestig deur mense en dat Hy hulle omstandighede hiervoor gebruik. Die Here kom ons lewe binne. Hy besluit om in ons lewe in te kom. Dis nie ons besluit nie, dit is sy besluit. So duidelik sien ons dit hier in Paulus se getuienis. Deur die Here se werking, deur sy krag vorm Hy ons omstandighede. Wat eers verkeerd was, maak Hy reg (DL 3/4:11). Ons is self aangeraak deur die werking van die Woord en die Heilige Gees. Niemand wat die evangelie hoor en tot geloof kom, kan die evangelie onaangeraak of generies bring nie. Dit raak ons so aan dat ons ook soos Paulus in ons persoonlike omstandighede kan sê: “Ek bly gehoorsaam ... Ek verkondig maar net waarvan die profete en Moses gepraat het, niks buiten dit nie. God het my hiertoe bewaar tot vandag toe” (lees vs 19, 22).

Wat moet ons verkondig in ons persoonlike omstandighede en uitdagings? “Die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding uit die dood” (vs 23). Die Here bou ons op en gebruik ons as instrumente daar waar ons is. Is jy so in jou eie lewe aangeraak deur die Woord en die Heilige Gees dat dit in jou lewe wys en uitgedra word?

Sing: Psalm 119-1:22, 26

Ds. MH le Roux (Marco) (Reitz/Lindley)